

AAN: Alle Dieretelersgenootskappe

Dit is met groot dankbaarheid dat ons hierdie laaste kommunikasie vir 2009 aan u deurgee. Ja, terwyl dit voel asof ons sommer ander dag met 2009 begin het en dit werklik voel asof tyd net al hoe vinniger beweeg, is ons met dankbaarheid vervul vir 'n baie goeie jaar in die veebedryf.

Graag wil ons u hartlik bedank vir u samewerking en ondersteuning die afgelope jaar en wil ek van die geleentheid gebruik maak om 'n paar belangrike sake onder u aandag te bring met die versoek om dit, waar van toepassing, asseblief onder u telers se aandag te bring:

1. Daar kom gevalle voor waar 'n teler 'n bul verkoop en nie bekend maak dat hy semen van die bul teruggehou het nie. Alhoewel dit 'n saak tussen koper en verkoper is, meen ons dit is oneties en plaas 'n vraagteken agter die verkoper se integriteit.

Dit sal dalk goed wees om tog in 'n nuusbrieff te meld dat telers dit móét bekend maak indien hulle semen terughou, voordat hulle 'n bul op 'n veiling óf uit die hand verkoop.

2. Daar lê tans bykans 7000 diere in die "wagkamer" op die stelsel. Dit is transaksies wat nie prosesseer kan word nie weens navrae wat nie beantwoord word nie. Ons doen 'n dringende beroep op telers om asseblief onverwyld te reageer op enige navrae wat Stamboek aan hulle rig.

3. Graag versoek ons telers om gereeld geboortes in te stuur en nie te wag totdat 'n seisoen afgehandel is nie. Dit veroorsaak dat ons geweldige opeenhopings kry en die vloeï van verwerkings vertraag.

4. Verder bring ons onder u aandag dat ons nou foto's van diere op die stelsel kan plaas. Telers kan dus 'n foto instuur en dit sal dan by die dier op Logix vertoon kan word vir almal om te sien.

Skakel gerus vir Herman Labuschagne om te verneem watter prosedure gevolg moet word.

5. Ons wil ook onder u aandag bring dat Ras- en Kuddestatistieke (getalle diere, telers en transaksies), binnekort in 'n nuwe, meer bruikbare formaat, deurlopend aanlyn beskikbaar sal wees. Kontak gerus vir Charl Hunlun vir verdere inligting.

TO: All Animal Breeders' Societies

It is with gratitude that we forward this last communication for 2009 to you. While we feel as if we have just started with 2009 and really as if time is moving faster every year, we are filled with gratitude for a very good year in the livestock industry

We wish to thank you sincerely for your co-operation and support during the year and would like to make use of this opportunity to bring to your attention a few important matters with the request to, where applicable, bring it to your breeders' attention:

1. Instances occur where a breeder sells a bull, but does not make it known that he has kept semen of that bull back. Although it is a matter between the buyer and the seller, we are of the opinion that it is unethical and places a question mark behind the seller's integrity.

It may be of benefit to mention it in a newsletter that breeders must make it known when they keep semen back before they sell a bull on an auction or out of hand.

2. There are approximately 7000 animals in the "waiting room" on the system. These are transactions that cannot be processed due to queries that are unanswered. We wish to urgently appeal to breeders to respond immediately on any queries addressed to them by Stud Book.

3. We also wish to request breeders to send in their births and not to wait until a season is completed. It causes enormous accumulation of work which slows down the flow of the processing of data.

4. We further wish to bring to your attention that we can now place photos of animals on the system. Breeders can thus submit a photo which can then be placed on the animal record on Logix for all to see.

Please contact Herman Labuschagne to ascertain what procedure has to be followed.

5. We further want to bring to your attention that Breed and Herd statistics (number of animals, breeders and transactions), will soon be available in a new, more user friendly format, on-line. For further information please contact Charl Hunlun.

>> Continue

6. Iets van 'n minder aangename aard: Wanneer 'n teler se dienste om die een of ander rede opgeskort word, beteken dit dat **geen** transaksies vir hom gedoen kan word alvorens die rede vir die opskorting nie uitgeklaar is nie. Dit sluit ook oordragte in. 'n Teler moet dus nie van sy diere as geregistreerde diere verkoop indien hy opgeskort is nie. Die diere sal nie na die nuwe eienaar oorgedra kan word nie en so 'n transaksie kan regsgeginge tot gevolg hê.

7. Ons versoek alle Genootskappe vriendelik om asseblief te let op Stamboek se vergaderingsdatums vir 2010 wat reeds in Oktober aan u gestuur is. Neem hierdie datums asseblief in ag wanneer u u jaarlikse beplanning doen. Dit is so belangrik dat u en/of u rasvertegenwoordiger/s Stamboek se vergaderings en spesie forums bywoon. Belangrike praktiese stoet-teler-bedryfsake word bespreek en uitgeklaar en almal leer bymekaar.

Ons wil ook u aandag daarop vestig dat ons Raadsaal gratis tot u beskikking is. Hierdie doelmatige fasiliteit is egter so in aanvraag dat u betyds (indien moontlik die hele jaar se vergaderings), by Mev Shérri van Zyl moet bespreek om teleurstelling te voorkom.

8. Stamboek se kantore sal vanaf 13h00 op 23 Desember 2009 gesluit wees tot om 08h00 op 4 Januarie 2010.

Laastens wil ek u graag namens die President en Raad en al ons personeel 'n baie Geseënde Christusfees toewens en vertrou ons dat 2010 vir ons almal 'n mooi en vreugdevolle jaar sal wees.

Geniet die ruskans en kom veilig terug.

Stamboek Groete

Dr Pierre van Rooyen
Hoofbestuurder / General Manager

6. Something of a less pleasant nature: When services to a breeder have been suspended due to one or other reason, it means that **no** transactions may be done for him until the reason for suspension has been resolved. This also includes transfers. A breeder may therefore not sell his animals as registered animals when he is suspended. The animals cannot be transferred to the new owner and as a result, may have legal implications.

7. We kindly request all Societies to please take note of Stud Book's meeting dates for 2010 which have already been sent to you in October. Please take these dates into consideration when you do your yearly planning. It is important that you and/or your breed representative/s attend Stud Book's meetings and specie forums. Important practical stud breeder industry matters are discussed and solved and lessons are to be learned from each other.

We also wish to bring to your attention that the Board Room is available to you free of charge. This useful facility is, however, in such demand that to avoid disappointment, you have to make reservations timeously (if possible for the whole year's meetings) with Mrs Shérri van Zyl.

8. Stud Book's offices will be closed from 13h00 on 23 December 2009 until 08h00 on 4 January 2010.

Lastly, on behalf of the President and Council and all our personnel I want to wish you a Blessed Christmas and trust that 2010 will be a splendid and joyful year for us all.

Enjoy your rest and come back safely.

Regards

DIE WAARDE VAN OP-DIE PLAAS (FASE D) BULGROEITOETSE

Leslie Bergh
LNR Dierreproduksie-instituut, Irene

Fases van die Nasionale Vleisbeesaantekening en -Verbeteringskema

Die Nasionale Vleisbeesaantekening en -Verbeteringskema (die Skema) van die Landbounavorsingsraad (LNR) van SA maak voorsiening vir toetsing van vleisbeeste in verskeie fases, naamlik:

- Reprodusie- en Kuddetoetsing (Fase A): Hierdie fase is die basis van die Skema en ook by verre die belangrikste fase, aangesien dit die fase is waar die ekonomies mees belangrike eienskappe in die produksieproses geëvalueer word. Hierdie eienskappe sluit in reproduksie (vrugbaarheid), gemak van kalwing, voorspeense groei en koelidoeltreffendheid. Fase A is die enigste fase van die Skema wat van die LNR se kant verpligtend is om aan deel te neem. Bonsmara telers word egter deur die Genootskap verplig om ook aan ten minste aan Fase B ook deel te neem.
- Op-die-plaas naspeense toetsing (Fase B): In hierdie fase word die naspeense groeitempo van jong verse, bulle en osse onder normale plaastoestande geëvalueer deur middel van hul gewigte op 12- en 18 maande ouderdom.
- Sentrale groeitoetse (Fase C): Jong bulle word direk na speen onder intensiewe (voerkraal) toestande getoets.
- Op-die-plaas groeitoetse (Fase D): In hierdie fase word jong bulle na speen op die plaas getoets.

Verskillende tipes Fase D bulgroeitoetse

In Fase D toetse kan jong bulle, volgens die teler se keuse, onder intensiewe- (voerkraal), semi-intensiewe- (byvoorbeeld op aangeplante weiding) of ekstensiewe (natuurlike weiding) toestande getoets word. As gevolg van die feit dat voerkrale 'n belangrike rol in die vleisbeesbedryf in Suid-Afrika speel, word 'n aansienlike persentasie bulle in SA in intensiewe Fase D toetse getoets.

Intensiewe toetse duur, afhangend van die voedingspeil en gevolglike groeitempo, van 84 tot 112 dae na 'n aanpassingstydperk van minstens 21 dae. Semi-intensiewe toetse duur gewoonlik 112 tot 140 dae. Die belangrikste voordeel van intensiewe toetse is dat die bulle se aanpasbaarheid en groeivermoë van bulle onder voerkraaltoestande geëvalueer word.

Om 'n Fase D toets te kan doen, moet daar ten minste 10 bulkalwers van dieselfde ras wees wat nie

meer as 100 dae in ouderdom verskil nie. Dit is verkieslik om 'n Fase D toets te begin so gou moontlik nadat die bulle gespeen is, dit wil sê op ongeveer 78 maande ouderdom.

By ekstensiewe toetse begin die toets gewoonlik eers met die aanvang van die volgende reënseisoen en is die bulle dan ongeveer 12 maande oud. Die maksimum ouderdom waarop 'n bul 'n Fase D toets kan begin, is 425 dae (15 maande). Ekstensiewe toetse kan tot 'n maksimum periode van 270 dae (9 maande) duur. Normaalweg strek hierdie toetse oor die somer groeiseisoen van die veld waartydens die bulle in 'n groeifase is. Die belangrikste voordeel van veldtoetse behalwe vir die feit dat dit moontlik goedkoper is as intensiewe toetse is natuurlik dat die aanpasbaarheid (insluitende bosluisweerstandbiedendheid) en groeivermoë van bulle onder veldtoestande geëvalueer word.

Die belangrikste moontlike nadeel aan veldtoetse is dat die groeitempo grootliks bepaal word deur die reënval. Aangesien daar 'n minimum groeitempo (sien hieronder) verlang word, kan dit beteken dat 'n toets gekanselleer mag word indien die groeitempo nie voldoende is nie. Fase D toetse met bulle van dieselfde eienaar word Fase D1 toetse genoem. Waar twee of meer eienaars saam bulle toets, word dit Fase D2 toetse genoem en geld daar strenger vereistes as by Fase D1 toetse onder andere wat betref die maksimum toelaatbare gewigsvariasie tussen die bulle.

Die waarde van Fase D toetse

Fase D toetsing bied heelwat voordele bo Fase B toetsing. Alhoewel Fase D in wese 'n groeitoets is, bied dit die teler die geleentheid om heelwat meer eienskappe te evalueer. Hierdie data is dan beskikbaar aan beide die teler en bulkopers.

- Toetse word beplan en uitgevoer onder die toesig van 'n goedgekeurde tegnikus van die LNR Dierreproduksie-instituut wat kontroleer dat die toets uitgevoer word volgens die neergelegde riglyne en reëls van toepassing op Fase D toetse van die Skema.
- Die betrokke tegnikus is ook persoonlik teenwoordig tydens die afsluit van die toets om die bulle te weeg en ander metings te neem. Dit verseker onder andere dat die toets en al die betrokke eienskappe wat geëvalueer word voldoen aan die wetenskaplike beginsels van prestasietoetsing.

Verder verleen die betrokkenheid van hierdie onafhanklike persoon addisionele kredietwaardigheid aan die resultate van Fase D toetse.

- 'n Minimum van 10 bulle per toets word vereis om te verseker dat sinvolle evaluasie moontlik is. Die meeste telers maak gebruik van teelseisoene en al die bulkalwers wat gespeen word (behalwe miskien die heel swakstes) word normaalweg saam getoets. Dit verseker dat kontemporêre groepe gewoonlik heelwat groter is as die minimum van 10 bulle, wat natuurlik beter vergelyking van bulle verseker.
- 'n Minimum gemiddelde groeitempo asook minimum totale gewigstoename word vereis gedurende die toetsydperk om te verseker dat groeitempo doeltreffend geëvalueer kan word. Vir mediumraamrasse word byvoorbeeld 'n minimum GDT van 500 - 550g per dag vereis en 'n minimum totale gewigstoename van 110 - 120kg.
- Die bulle in 'n Fase D toets word met gereelde tussenposes geweeg gedurende die toets om hul groeitempo te monitor en moontlike probleme vroegtydig te identifiseer.
- Die skrotumomtrek van die bulle word by afsluit van die toets deur die tegnikus teenwoordig gemeet. Dit verseker dat hierdie baie belangrike vrugbaarheidseienskap geëvalueer word by alle Fase D getoetsde bulle. Verder word die testikels ook ondersoek vir enige afwykings, byvoorbeeld hipoplasie, swellings of ander beserings.

Skouerhoogte (of heuphoogte) en liggaamslengte van die bulle word ook deur die tegnikus gemeet (opsioneel) aan die einde van die toets. Hierdie mates gee inligting betreffende die raamtype van die betrokke bul.

- Ultrasoniese skandering (RTU) van die bulle word ook gedoen (opsioneel) aan die einde van die toets. Onderhuidse vetneerlegging, binnespiers vetneerlegging (marmering) asook oogspieroppervlakte is die eienskappe wat gemeet word. Slegs RTU metings van geakkrediteerde tegnici word aanvaar, aangesien hierdie metings gespesialiseerde tegniese vaardigheid en toerusting vereis.
- Pelviese mates (pelvisopening hoogte en -breedte) van die bulle word ook gedoen (opsioneel) aan die einde van die toets deur 'n die tegnikus of 'n ander geakkrediteerde persoon. Met behulp hiervan kan daar geselekteer word vir bulle wat verse sal teel met 'n voldoende grootte pelviese opening wat maklik sal kalf.
- In veld Fase D toetse kan die aantal bosluise (op bepaalde areas op die dier) op 'n gereelde basis getel en aangeteken word gedurende die toets. Hierdie bosluistellings word dan verwerk in 'n indeks wat aandui watter diere meer bosluisweerstandbiedend is.

Bulle wat in Fase C of D getoets is se groeitoetsdata word natuurlik ingesluit in die BLUP ontledings wat die LNR doen vir die betrokke ras (mits daar natuurlik voldoende data beskikbaar is) en sodoende kry sulke bulle betroubare teelwaardes vir die betrokke eienskappe wat in Fase C en D getoets word. Dit beteken dat beide die telers en bulkopers betroubare teelwaardes tot hul beskikking het om te gebruik vir die seleksie van hul diere.



TEELWAARDES

HOE KAN EK DIE AKKURAAKHEID EN BETROUBAARHEID VERHOOG?

Leslie Bergh

LNR Diereproduksie-instituut, Irene

Telers vra dikwels wat hulle kan doen om die akkuraatheid en betroubaarheid van hul diere se teelwaardes te verhoog. Hier volg 'n klompie riglyne wat u hiermee kan help.

Ouerskap aantekening:

Volledige en korrekte ouerskappe is krities belangrik vir betroubare teelwaardes, aangesien die prestasie van verwantes (moeder, vader, halfbroers en -susters, nageslag, ensvoorts) saam met die dier se eie prestasie gebruik word om 'n dier se teelwaardes te beraam. Ouerskappe is die basis van alle genetiese verwantskappe van die betrokke dier en dus sal ontbrekende ouerskappe nie net die dier se eie teelwaarde beïnvloed nie, maar ook die van al sy verwantes.

Bestuursaksies wat telers kan neem om volledige en korrekte ouerskappe te verseker is onder andere:

- Maak sover moontlik gebruik van enkelbul parings.
- Indien meerbul parings gedoen word, óf KI binne 28 dae na laaste KI datum deur natuurlike paring opgevolg word, óf vir kalwers gebore uit embrio oorplantings, moet ouerskappe bepaal word deur middel van DNA analyses.
- Teken dekgroepe korrek aan en maak seker u stoor hierdie inligting op 'n veilige plek.
- Tydens KI, maak seker dat die bul nommer korrek aangeteken word vanaf die semen strooitjie.
- Merk kalwers so spoedig moontlik na geboorte en teken onmiddellik die kalwers se data, insluitende die ouers, aan.

Bestuursgroepe:

Een van die belangrikste aspekte by prestasietoetsing en genetiese evaluasies is behoorlik gedefiniëerde bestuursgroepe. Verkeerde of swak gedefiniëerde bestuursgroepe of kontemporêre groepe is waarskynlik een van die heel belangrikste oorsake van onakkurate teelwaardes.

Bestuursaksies wat telers kan neem om optimale bestuursgroepe te verseker is onder andere:

- Maak gebruik van 'n kort teelseisoen - maksimum 90 dae, verkieslik 75 of 63 dae.
- Maak seker dat alle diere in 'n groep inpas in die ouderdomsgrense vir die betrokke gewig.
- Weeg, sover moontlik, alle kalwers in 'n groep op dieselfde dag.
- Maak seker alle diere in 'n groep word geweeg.
- Maak seker dat alle diere in 'n groep dieselfde voeding en bestuur gehad het vanaf geboorte.
- Diere wat vir 12- en 18 maande geweeg word moet, sover moontlik, in dieselfde groep gegroep word as vir speengewig.



- Alle kalwers wat konsentraatvoeding ontvang het voorspeen, moet in 'n aparte voedingstatus groep ingedeel word, selfs vir naspeense gewigte.
- Bulle wat naspeen getoets is op konsentraat voeding moet nie vir 12- en/of 18 maande gewigte saam met bulle gegroep word wat op die veld geloop het nie.
- Kalwers van eerstekalf-koeie moet nie vir evaluasie in aparte bestuursgroepe ingedeel word van ouer koeie nie, tensy hulle voorkeurvvoeding of -bestuur ontvang het.
- Weeg alle kalwers by speen en moet, sover moontlik, nie kalwers van verskillende speengroepe meng vir naspeense gewigte nie.
- Roteer groepe tussen kampe, om die kamp effek op 'n spesifieke groep tot die minimum te beperk. Indien dit onmoontlik is, en die kwaliteit en/of kwantiteit van die weiding tussen verskillende kampe verskil betekenisvol, ken dan verskillende voedingstatus kodes toe aan daardie groepe.
- Ken die toepaslike grootmaakstatus kodes toe aan alle kalwers, bv. kalwers wat deur 'n pleegmoeder grootgemaak is.
- Ken die toepaslike opmerkings kodes toe aan alle "abnormale" kalwers, bv. siek kalwers.

Genetiese skakels:

Die konsep van genetiese skakels of verbindings is vir baie telers nog 'n relatief nuwe begrip, aangesien dit eers ter sprake gekom het toe daar begin is met BLUP tegnologie vir die beraming van teelwaardes. Genetiese skakels is egter so 'n belangrike aspek dat alle telers kennis behoort te neem daarvan.

Genetiese skakels maak dit naamlik moontlik om deur middel van BLUP tegnologie die genetiese meriete van diere van verskillende kuddes, jare, seisoene en bestuursgroepe te bepaal ("benchmark"). Vaders lewer die grootste bydra om genetiese skakels te bewerkstellig.

Bestuursaksies wat telers kan neem om optimale genetiese skakels te verseker is onder andere:

- Maak gebruik van KI bulle wat wyd gebruik word. Dit is verreweg die maklikste en mees effektiewe wyse om genetiese skakels te bewerkstellig.
- Maak gebruik van 'n stelsel om bulle uit te ruil tussen verskillende kuddes, veral indien u nie KI doen nie.
- Gebruik meer as een bul per seisoen in u kudde, insluitende ten minste een (verkieslik twee of meer) KI bul.
- Sorg dat daar kalwers van soveel as moontlik (ten minste twee) vaders in elke bestuursgroep is.
- Poog om 'n mengsel van KI en eie bulle se kalwers in elke bestuursgroep te hê.

- Moet nie al u teelbulle in dieselfde jaar vervang nie. Indien u dit móét doen, probeer dan minstens om van die vorige jaar se KI bulle weer te gebruik.
- Koop bulle van prestasiegetoetste kuddes.
- Voeg na afloop van die teelseisoen alle koeie saam in een groot bestuursgroep. Indien dit nie moontlik is nie, hergroepeer die koeie op so 'n wyse dat daar koeie van ten minste twee (verkieslik meer) teelgroepe in elke nuwe groep verteenwoordig is.
- Vermoed dit om jaar na jaar dieselfde groep koeie met dieselfde bul te paar, d.w.s. hergroepeer die dekgroepe elke jaar.
- Maak seker dat die uitgebreide stambome van ingevoerde bulle/semen opgeneem word in die geïntegreerde databasis (INTERGIS).

